Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

NUUSBRIEF: 38 (20 November 2026 – 15 Januarie 2027)

SPORT

KLEURGALA INSKRYWINGSVORM

Die kleurgala se inskrywingsvorm is gister op Jakkienuus gedeel. Vul dit asb. in en "submit" voor 27 November 2026.

RASIELEIERS 2027

Baie geluk aan die rasieleiers wat verkies is:

BLOUPAN	
Hoofleiers	Frans van der Westhuizen
	Roné Burger
Onderhoofleiers	Luan Bester
	Ané de Wet
GEELSPAN	
Hoofleiers	George Williams
	Christibe de Witt
Onderhoofleiers	Rohan van Rooyen
	Karli Liebenberg

LEERDERS

RAPPORTE EN JAARBLAAIE

Ouers moet asb. leerders se rapporte op **Dinsdag, 8 Desember vanaf 09:00 – 10:00** by die skool kom afhaal. Ouers wat die jaarblad bestel het, sal dit ook op hierdie dag ontvang. Ouers wat regtig nie op hierdie dag kan kom nie, kan 'n e-pos stuur na admin@jakkies.com, waar u skriftelik versoek dat ons u kind/ers se rapport/e vir u e-pos.

PERIODETYE 2027

Vind die periodetye vir 2027 aangeheg. Sien ook asb. die uitkomtye vir elke graad gedurende die week op hierdie aanhangsel.
Leerders kom met skoolklere skool toe op Woensdag, 13 Januarie 2027.

SKOOLLEIERS 2027

Die skoolleiers moet op 13 Januarie om 07:40 by juf. Tersia aanmeld. Wees asb. betyds.

KWARTAALPROGRAM EN BUITEMUURSE ROOSTER

Die voorlopige kwartaalprogram en buitemuurse rooster vir die eerste twee weke van kwartaal 1 (2027), sal op Jakkienuus deurgegee word.

OUERS

PERSONEEL

Ons neem aan die einde van die jaar afskeid van drie kosbare juffrouens:

- Juf. Madeleine Koorzen
- Juf. Annemarie van der Walt
- Juf. Ronel de Witt

Baie dankie vir elke stukkie liefde, geduld, omgee en toewyding wat julle aan ons leerders en kollegas gegee het. Ons gaan julle mis, maar wens julle net die mooiste toe.

SKOOL- EN KOSHUISBEGROTING

Die skool en die koshuis se begroting vir 2027 is op Vrydag, 13 November deur die ouers bekragtig. Vind asb. die aangepaste fooie vir 2027 aangeheg.
Ons vra asb. dat ouers getrou hul verpligtinge sal nakom.

……..
T.E. MOSTER

GEBEDSLYS:

Ons bid vir reën.



JACOBSDAL PRIMêRE SKOOL
SKOOL- EN KOSHUISGELDE - 2027

SKOOLGELDE		1 LEERDER	2 LEERDERS	3 LEERDERS	
PER JAAR: (R 1 795.00 x 11 maande)		R19 745.00	R39 490.00	R59 235.00	
PER KWARTAAL:	Kwartaal 1	R5 385.00	R10 770.00	R16 155.00	
	Kwartaal 2	R5 385.00	R10 770.00	R16 155.00	
	Kwartaal 3	R5 385.00	R10 770.00	R16 155.00	
	Kwartaal 4	R3 590.00	R7 180.00	R10 770.00	
PER MAAND: (R 1 795 oor 11 maande)		R1 795.00	R3 590.00	R5 385.00	

Bankbesonderhede: Jacobsdal Primêre Skool
Eerste Nasional Bank
Rek: 52561347174 (verw: Kind se naam + van)

KAREEHOF KOSHUIS ENB 52560006664		1 LEERDER	2 LEERDERS	3 LEERDERS	
Koshuisgelde maandeliks betaalbaar: Slegs met skriftelike aansoek & toestemming van die Beheerliggaam					
PER KWARTAAL:	Kwartaal 1	R7 980.00	R15 960.00	R23 940.00	
	Kwartaal 2	R7 980.00	R15 960.00	R23 940.00	
	Kwartaal 3	R7 980.00	R15 960.00	R23 940.00	
	Kwartaal 4	R5 320.00	R10 640.00	R15 960.00	
PER MAAND: (R 2 660 oor 11 maande)		R2 660.00	R5 320.00	R7 980.00	

Koshuisgelde is streng vooruitbetaalbaar op die 1ste van elke maand (1 Jan tot 1 Nov)

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
JACOBSDAL PRIMARY SCHOOL
2026 -11- 19

Posbus 107, Jacobsdal 8710
Tel: 053 050 5986
Epos: admin@jakkies.com

PERIODETYE 2027: (Somer en Winter)

PERIODES:	MAANDAE TOT DONDERDAE:	VRYDAE:
1	7:30 – 8:00	7:30 – 8:00
2	8:00 – 8:30	8:00 – 8:30
3	8:30 – 9:00	8:30 – 9:00
4	9:00 – 9:30	9:00 – 9:30
5	9:30 – 10:00	9:30 – 10:00
LANGPOUSE	**10:00 – 10:20**	**10:00 – 10:20**
6	10:20 – 10:50	10:20 – 10:50
7	10:50 – 11:20	10:50 – 11:20
8	11:20 – 11:50	11:20 – 11:50
9	11:50 – 12:20	11:50 – 12:20
KORTPOUSE	**12:20 – 12:30**	**12:20 – 12:30**
10	12:30 – 13:00	12:30 – **13:00**
11	13:00 – 13:30	
12	13:30 – 14:00	

GRAAD 1-LEERDERS VERDAAG VIR DIE **EERSTE TWEE WEKE** OM **12:00**
(13 – 27 Januarie 2027)

Graad 1 & 2 verdaag Maandae tot Donderdae om **13:00** en Vrydae om **12:00**

Graad 3 verdaag Maandae tot Donderdae om **13:30** en Vrydae om **12:00**

Graad 4 – 7 verdaag Maandae tot Donderdae om **14:00** en Vrydae om **13:00**

Maandae: 7:30 – 8:00
JKJA: Graad 1 - 3

Die skool heropen aan die begin van elke kwartaal om **8:00.**
Die skool sluit aan die einde van elke kwartaal om **11:00**

KOSHUISUITNAWEKE:

Ouers moet asseblief kennis neem dat **elke naweek 'n koshuisuitnaweek is.**
Die koshuis sluit op 'n Vrydagmiddag om **14:00** en maak weer op 'n Sondagmiddag om **16:00** oop.

----------///----------



JAKKIES
OPWAARTS SENTRUM

WASSERY

WAS, DROOG, STRYK & VERPAK VAN KLERE



ONS DIENS SLUIT IN:

Leerders se wasgoed word gaan haal en terug geneem na Landboudal elke Dinsdag, Woensdag en Donderdag

KOSTES | R38 per kg of R1520/kwartaal (maksimum 40kg)

082 689 4892
opwaartsjakkies@gmail.com
Jakkies Opwaarts Sentrum

Jacobsdal Primêre Skool • Piet Retiefstraat • Jacobsdal 8710